Jaargang 1 Uitgawe nr. 1 Derde kwartaal 2002

OTL Nuus

Voorsitter: Boet Smith ZS6CJS van Dullstroom. Onder voorsitter: Theuns van Rensburg ZS6AAS van Middelburg. Sekretaris /Tesourier: Albert Schoeman ZS6AS van Sabie. Tegnies en onder-steunende lede: Roelie van der Westhuizen ZS6VDW (SARL skakelpersoon), Dion de Beer ZS6DEB (Gauteng), Nic Cronje ZS6WW (Mpumalanga), Dawid van Rensburg ZS6VS, Richard Stapelberg ZS6RGS, Martin Blake ZS6GUN, Helgi Braithwaite ZS6HB en Tony Lee ZS6TFB.

Oukêrels wat nie vonkpos gehad het nie het ‘n gedrukte weergawe gekry waarvan ek persoonlike die posseëls, koeverte en drukwerk gedra het. Oor ‘n tydperk van ‘n paar jaar het ek altesaam 53 “OTL” nuusbriewe so versprei en van die vonkpos ontvangers het dit verder gevoer sodat ek op ‘n stadium 173 nuusbriewe uitgestuur het tot in die VSA en Engeland waar oud Transvalers bly of gebly het!

Ja, die nuusbriewe was nie altyd populêr nie omdat ek nie geskroom het om op tone te trap nie. Aan die anderkant van die ‘bladsy’ het ek talle vonkposse ontvang wat my aangemoedig het om die ‘skelms’ en ander ‘onderduimshede’ te identifiseer . . . . “uit te lig” genoeg hiervan vireers!

Nog 'grepe' uit die eerste nuusbrief:

OTL bedryf drie herhalers op frekwensies 145,6125, 145,6375 en 145,6625, laasgenoemde twee is op 70cm met frekwensie 439,725 gekoppel. Bulletins word Woensdae-aande om 19:30 uitgesaai, met direkte of herleiding na 7,076 MHz in die somermaande en 3,650MHz in die winter.

Groot dankie vir die skuif.....

Boet ZS6CJS, Dawid ZS6VS en Langes ZR6BDZ het Saterdag-oggend die 17de Augustus 2002 in trietsige weer die "325" herhaler afgehaal en op Steenkampsberg gaan opsit. Vele teëspoede het die driestuks ingewag, tog het hulle die taak voltooi met minder as verwagte sukses. Die "325" is kort daarna, op Sondag die 25ste Augustus met die splinternuwe 145,6625MHz herhaler vervang. Sekere eksperimente word nog gedoen, so wees maar geduldig in julle pogings om mekaar te kontak.

Wie ken die volgende SARL-geregistreerde luisteraars: Ben van den Berg (Carolina), Gert Reyneke (Ermelo), Hendrik Burger (Middelburg), William Campbell (Jane Furst Hospitaal), Sven Eklund (Lydenburg) en daar is seker nog vele ander.

Pakket.

'n Hele paar ywerige pakketeers is doenig in die ooste. Boet ZS6CJS (QTH Dullstroom), oom Hugo ZS6OH (QTH Barberton), Jan ZS6BHC (QTH Belfast), Gert ZS6LV (QTH Middelburg) en Langes ZR6BDZ van Roossenekal is gretig dat nog OK's sal meedoen.

Ons omgewing — Barberton.

Namakwaland het sy blomme en Kaapstad het tafelberg. Ons provinsie het baie baie meer! Die dorp Barberton is ouer as Johannesburg en een van die uitblinkerdorpe in Mpumalanga. Gedurende Junie 1884 het ene David Wilson, 'n mynkommissaris van die De Kaapvallei 'n bottel jenewer (gin) oor 'n groot rots gebreek en sodoende die dorp Barberton "gedoop". Terloops, daar is ook 'n Barberton in die Amerikaanse staat Ohio geleë in die Summit County.

Nuusbrief bydraes.

Wat van 'n meer gepasde naam vir ons nuusbrief? Dit is nie dat dit verander moet word nie, dis net 'n gedagte. Enige voorstelle? Indien jy oor items beskik wat jy graag met jou mede amateurs wil deel en nie omgee dat dit in die nuusbrief verskyn nie, stuur dit asseblief na: OTL Nuusbrief, Postnet #43, Privaatsak x1866, Middelburg. Die poskode is 1050. Ten einde die nuusbrief se verspreiding makliker en goedkoper te maak, stuur jou e-posadres deur na theuns6aas@mweb.co.za en kry jou volgende OTL Nuusbrief vinniger as die vinnigste posman!

James, een van wyle Kobie ZR6JCC se studente het op 26 Augustus 2002 sy ZS verwerf en is nou ZS1JMS met QTH Wolseley.

Kobie Furstenburg ZR6JCC was die eerste oukêrel met wie ek in 2000 kontak gemaak het en dis ook hy wat my motiveer het om by OTL betrokke te raak.

Volgende vergaderings.

OTL se volgende byeenkoms is op Saterdag die5de Oktober 2002 te Barberton. Luister bulletins vir aankondigings in die verband. Oom Hugo ZS6OH sal julle die dag inlei op 2m na die vergadering QTH toe. Wat moet ons saambring? 'n Sitding — 'n vleisie om te skroei — braaigereedskap — jou LV — jou RF — jou eet- en drinkgereedskap en natuurlik — jouself! Pap en sous is op die huis. Moenie oor lidmaatskap of dreigende lidmaatskap bekommerd wees nie. Dit is gladnie tersprake nie. Ons noem dit eerder 'n byeenkoms of 'n amateurfees en nie 'n vergadering nie.